

# ORGANISASIEVERNUWING: DIE IDENTIFISERING EN INTEGRASIE VAN ENKELE KONSTRUKTE

M.L. WATKINS

Departement Bedryfsielkunde  
Universiteit van Suid-Afrika

A.L. BARNARD

Departement Bedryfs- en Personeelsielkunde  
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

## ABSTRACT

**Organisational renewal: The identification of certain constructs.** Organisations consist of interactive subsystems and processes which create a whole-forming "Gestalt". Researchers are nevertheless inclined to focus on divergent organisational subsystems and processes when studying organisational renewal. This propensity possibly gave rise to divergent definitions of organisational renewal which creates a lack of discipline and demarcation in the development of this field of study. Due to a need for the identification and integration of relevant constructs, a content analysis of a number of organisational renewal definitions was made. It was found that the constructs "man", "strategy", "technology", "processes" and "intervention" are the most important building blocks of organisational renewal. These constructs are integrated in a definition to create direction for a more disciplined approach to organisational renewal.

## OPSOMMING

Organisasies bestaan uit interaktiewe subsisteme en prosesse wat 'n geheelvormende "Gestalt" tot stand bring. Navorsers is nogtans geneig om, by die bestudering van organisasievernuwing, op uiteenlopende organisasiesubsisteme en prosesse te fokus. Hierdie neiging het moontlik aanleiding gegee tot uiteenlopende organisasievernuwingsdefinisiess wat 'n gebrek aan dissipline en afbakening by die ontwikkeling van die spesialiteitsrigting skep. Na aanleiding van 'n behoefte aan die identifisering en integrasie van verwante konstrukte wat hierdeur voortgebring word, is 'n inhoudsanalise van 'n aantal organisasievernuwingsdefinisiess gemaak. Daar is gevind dat die konstrukte "mens", "strategie", "tegnologie", "prosesse" en "ingryping" die belangrikste boustene van organisasievernuwing is. Hierdie konstrukte word in 'n definisie geïntegreer ten einde 'n rigtingwyser vir 'n meer gedissiplineerde benadering tot organisasievernuwing te skep.

Organisasies funksioneer te midde van komplekse omgewings-dynamiek met drukkende politieke, ekonomiese en sosiokulturele kragte (Wheelen & Hunger, 1984; Tichy, 1982; De Beer & Boshoff, 1970). Die onsekerheid wat hierdeur voortgebring word en organisasies se gepaardgaande aanpassingsbehoeftes, het aanleiding gegee tot organisasievernuwing as 'n snelgroeende spesialiteitsrigting in die bedryfsielkunde (White & Mitchell, 1976). Organisasievernuwing is belangrik vir ondernemingsgroei, maar die voortbestaan van die spesialiteitsrigting word bedreig deur verskeie probleme by teorievorming. Organisasies bestaan uit interaktiewe subsisteme en prosesse wat geheelvormende "Gestalt" tot stand bring (French & Bell, 1984; Lippitt, 1982), maar navorsers is nogtans geneig om die mekanika en dinamika van organisasiedrag te skei deur die fokuspunt op die laaggenoemde te plaas (Kahn, 1974). Hierdie opmerking word ondersteun deur Suid-Afrikaanse navorsingsresultate wat aantoon dat alle subsisteme en prosesse nie by organisasievernuwingspogings betrek word nie (Coetzee, Coster & Van Niekerk, 1978). Hierdie situasie het moontlik aanleiding gegee tot verskillende definisiess van organisasievernuwing. Bennis, Benne en Chin (1966) konsentreer byvoorbeeld op 'n opvoedkundige proses wat die organisasie se aanpassingsvermoë versterk, terwyl Beckhard (1969) op 'n beplande langtermynpoging fokus. Hierdie neiging is in skrille kontras met die vereistes van geesteswetenskaplike navorsing wat ten doel het om relevante konsepte en konstrukte in 'n poging tot teorievorming te orden.

Organisasievernuwing ontwikkel dus ongedissiplineerd wat tot uiting kom in 'n behoefte aan die identifisering en integrasie van verwante konstrukte. Ook Smith (1984) is van mening dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n deeglike ontleding van denkrigtings in die organisasievernuwingsteorie en -praktyk ten einde die elemente van die spesialiteitsrigting in 'n geïntegreerde verwysingsraamwerk saam te voeg. Heelwat navorsing oor organisasievernuwing is gedoen, maar daar bestaan geen teoretiese verwysingsraamwerk waarbinne die meeste resultate geplaas kan word nie (Sashkin & Burke, 1987). Kortom, die spesialiteitsrigting is gebrekkig afgabek.

Hierdie artikel het ten doel om, deur middel van 'n inhoudsanalise van organisasievernuwingsdefinisiess, daardie konstrukte wat onses insiens die belangrikste is, te identifiseer. Die konstrukte word hierna in 'n enkele definisie geïntegreer en afsonderlik bespreek.

## METODE

Weens die kwalitatiewe aard van die studie, is die klassifikasienavorsingsmetodiek toegepas waarin die empiriese realiteit in ten minste twee afsonderlike konstrukte beskryf word (Kerlinger, 1986). Patton (1978) ondersteun hierdie metode aangesien die gedagtegang en gevoelservaring van die navorsers sentraal tot die navorsingsproses gebring word, in stede daarvan dat daar te swaar gesteun word op kwantitatiewe, inligtinggebaseerde abstraksies. Sonder uitsluiting van die waarde van kwantitatiewe navorsingsmetodes, word daar dus regverdiging gevind vir subjektiewe oordeel in die navorsingsproses. Hierdie metode is toegepas deur 'n inhoudsanalise van 'n

aantal organisasievernuwingsdefinisies te maak ten einde daar die konstrukte wat by die organisasievernuwingsproses ingesluit word, te identifiseer.

### Inhoudsanalise van organisasievernuwingsdefinisies

Gardner is een van die eerste skrywers wat organisasievernuwing gedefinieer het as die herwinning van organisasielewenskragtigheid deur die bevordering van innovasie, buigsaamheid, motivering en selfaktualisering (French & Bell, 1984). Mclean (1981, p.3) konsentreer weer op die oplossing van menslike probleme terwyl French & Bell (1984) effektiewe groefunksionering as 'n voorvereiste vir vernuwing beskou. Hierdie definisies is in ooreenstemming met die "tradisionele" opvatting dat organisasievernuwing op die mens en sy werksprestasie moet fokus (Tannenbaum & Davis, 1972). Die klem word heden-dags egter meer op werksprestasie geplaas terwyl besorgdheid oor die mens, ietwat op die agtergrond geskuif word (Beer & Walton, 1987). Volgens hierdie definisies wil dit voorkom of die ontwikkeling van menslike hulpbronne, die beginpunt van vernuwing is.

Beckhard (1969, p.100) beskou organisasievernuwing as 'n beplande langtermynpoging wat vereis dat doelwitte, organisiestructure en kommunikasiekanaale optimaal funksioneer. Huse (1980, p.3) fokus weer op 'n beplande doelwitbereikingsmetodiek terwyl Burke en Schmidt (1971, p.20) en Schmuck en Miles (1971, p.92), die integrasie van organisasiedoelwitte en sielkundige groeibehoeftes beklemtoon. Teen die agtergrond van Wheelen en Hunger (1984) se verwysingsraamwerk van kontekstuele veranderlikes wat by strategiese besluitneming betrek word, wil dit voorkom of hierdie definisies merendeels die samesnoering van menslike hulpbronne en die organisasiestrategie beklemtoon. Strategiese beplanning in organisasies word toenemend gekritiseer weens die gesofistikeerde toepassing van analitiese vaardighede, terwyl die organisasiedinamiek geïgnoreer word (Buller, 1988). In die lig hiervan, stel Buller voor dat organisasievernuwing en strategiese beplanning ter bevordering van besluitnemingsprosesse geïntegreer word.

Argyris (1971, p.ix) skep 'n verdere dimensie by die formulering van organisasievernuwingskonstrukte. Volgens hom sou vernuwing bestaan uit die aktivering van menslike en tegnologiese hulpbronne ter skepping van organisasielewenskragtigheid. Hierdie denkrichting word veral ondersteun deur Friedlander en Brown (1974) se "tegnostrukturele benadering" wat aantoon dat tegnologiese verandering, die organisasiestructuur en werksprestasie beïnvloed. Dyer en Dyer (1986) wys verder daarop dat tegnologiese verandering, tussenpersoonlike interaksieprosesse kan verander. Dit wil dus voorkom of tegnologiese ontwikkeling ook 'n kerndimensie van suksesvolle organisasievernuwing is.

Die verbetering van die organisasieprosesse in die algemeen en spesifieke oortuigings en houdings (Bennis, 1969, p.2), besluitnemings-, kommunikasie-, beplanningsprosesse (Burke & Hornstein, 1972, p.xi) die organisieklimaat, en -kultuur (French & Bell, 1984, p.17) word feitlik deurgaans by organisasievernuwingsdefinisies beklemtoon.

Ofskoon die bovenoemde definisies die interne organisasiedinamiek regmatig beklemtoon, plaas sommige skrywers die fokus op die organisasie se reaksie op omgewingseise. Bennis, Benne en Chin (1966, p.3) is byvoorbeeld van mening dat vernuwing ten doel het om die organisasie se aanpasbaarheid by komplekse omgewingsdinamiek te bevorder.

Anders as by die vorige definisies, konsentreer sommige skry-

wers weer op die operasionalisering van die organisasievernuwingsgedagte. Burke (1971, p.50) verwys byvoorbeeld na 'n veranderingsproses wat begin by organisasiadiagnose, 'n ondersoek na bestuurspraktyke en norme en die beplande implementering van remedièrende ingrepe.

Daar word in sommige definisies gepoog om die parameters van die spesialiteitsrigting te verbreed deur te verwys na die verbetering van die totale sisteem. Sommige skrywers verduidelik die rol van verskeie organisiekomponente by vernuwing baie insiggewend, maar daar word per definisie bloot verwys na "... growth of the whole system" (Lievegoed, 1973).

Daar word ook telkens in definisies beweer dat organisasievernuwing 'n multi-dissiplinêre benadering volg wat van gedragswetenskaplike kennis gebruik maak (Robey & Altman, 1982; Heisler, 1982; Lippitt, 1982; Beckhard, 1969).


### GEVOLGTREKKINGS EN BESPREKING

Die stand van teoretisering en spesifik, die definiering van organisasievernuwing, besit dus die volgende kenmerke:

- Verskillende definisies beskryf dieselfde realiteit verskillend weens die uiteenlopende beklemtoning van enkele homogene organisiegredagsveranderlikes. Alhoewel die definisies nie onderling uitsluitend is nie, word daar deurgaans afsonderlik gefokus op die mens, strategie, tegnologie, prosesse en ingryping. Sommige skrywers poog om die parameters waarbinne organisasievernuwing bestuur moet word te verbreed, maar daar word weinig struktuur verleen aan die aard van die organisiekomponente of subsisteme wat by die proses betrek moet word. Kortom, die werklike dinamiek van organisiegredag word negeer tot op 'n vlak waar wetenskapsbeoefening moeilik raak.
- Die aantal konstrukte wat by die vernuwingssproses betrek word, maak die multi-dissiplinêre grondslag van die spesialiteitsrigting baie prominent. Daar word desnieteenstaande telkens geïmpliseer dat gedragswetenskaplike kennis uitsluitlik toegepas word. Gedragswetenskaplike kennis word wel deurgaans benut om die veranderingsproses te fasiliteer en in stand te hou, maar die inhoud van verandering het raakvlakte met verskeie vakdissiplines. Margulies en Raia (1972) asook de Beer en Boshoff (1970) is dit eens dat organisasievernuwing 'n multi-dissiplinêre benadering volg wat onder meer van die antropologie, sosiologie en ekonomie gebruik maak. Die aard van organisasievernuwing en die vaardighede wat na bewering vereis word vir die implementering van verandering, staan dus in kontras tot mekaar.

Daar kan dus gesê word dat daar 'n gebrek aan 'n eenvormige en geïntegreerde raamwerk ten opsigte van die organisasievernuwingsgedagte bestaan. Dit wil nogtans voorkom of die konstrukte "mens", "strategie", "tegnologie", "prosesse" en "multi-dissiplinêre ingryping", die boustene van die spesialiteitsrigting is. Die interafhanklikheid en struktuur van hierdie konstrukte word in Figuur 1 voorgestel.

Die struktuur van konstrukte word nie voorgehou as 'n volledige geïntegreerde verwysingsraamwerk waarbinne organisasievernuwing bestudeer moet word nie. Dit is bloot 'n rigtingwyser vir 'n meer gedissiplineerde bekouing van 'n spesialiteitsrigting in die bedryfsielkunde wat relatief ongedissiplineerd ontwikkel. Heelwat verdere navorsing sou nodig wees om die veranderlikes wat deur elke konstruk verteenwoordig word te identifiseer, wat weer moontlik aanleiding kan gee tot 'n verdere ontdekking van konstrukte.



\* r = verband tussen konstrukte.  
(vgl. Kerlinger, 1986)

**Figuur 1: Struktuur van organisasievernuwingskonstrukte**

Na aanleiding van 'n behoefte aan 'n geïntegreerde verwysingsraamwerk, word die volgende definisie van organisasievernuwing voorgestel:

*Organisasievernuwing is 'n beplande, organisasiewye langtermynpoging wat deur topbestuur ondersteun word om, deur die benutting van multi-dissiplinêre kennis, die mens, strategie, tegnologie en organisasieprosesse te takseer en, indien nodig, daar in te gryp ter skepping van 'n klimaat en kultuur wat produktiwiteit, tevredenheid en aanpasbaarheid by komplekse omgewingsdinamiek bevorder.*

Daar word vry algemeen aanvaar dat organisasievernuwing 'n beplande organisasiewye langtermynpoging is wat 'n multi-dissiplinêre benadering volg om tevredenheid, produktiwiteit en aanpasbaarheid te bevorder. Daar word derhalwe vervolgens gefokus op die aard van die geïdentifiseerde konstrukte (kyk Figuur 1) as die kernelemente van die bovenoemde definisie.

### Ontwikkeling van die mens

Individue met uiteenlopende behoeftes ontmoet mekaar in die werksituasie (Nadler & Tushman, 1980) en vorm groepe wat die weg baan vir organisasie- en groepdoelwitbereiking (Lawler, Nadler & Cammann, 1980). Sommige skrywers sonder die werkgroep uit as die primêre fokus van organisasievernuwing (French & Bell, 1984), maar dit is na 'n inhoudsanalise van definisies duidelik dat individuele motivering en selfaktualisering ewe belangrik is. Organisasievernuwing is immers 'n middel tot die bevrediging van sielkundige groeibehoeftes wat tot uitging kom in 'n behoefte daaraan om 'n betekenisvolle bydrae tot doelwitbereiking te lewer (Tregoe, 1982). Die individu beskik egter oor 'n groter vermoë om daardie bydrae te lewer as wat organisasies in die algemeen toelaat (Liebowitz & de Meuse, 1982). Verskeie vernuwingsmekanismes byvoorbeeld loopbaanbeplanning, spanbou en sensitiwiteitsopleiding word derhalwe benut om doelwitbereiking te bevorder. Daar word meer resent in 'n toenemende mate aandag gegee aan die bevordering van die gehalte van werklike. Sashkin en Burke (1987) toon aan dat daar uiteenlopende standpunte oor die betekenis van die begrip is, maar na 'n ontleding van hierdie standpunte kom hulle tot die slotsom dat die bevrediging van individuele en organisasiebehoeftes, die kerndimensies van gehalte van werklike is. Hierdie dimensies vorm 'n integrale deel van organisasievernuwing.

### Ontwikkeling van organisasiestrategie

Die doel van die organisasiestrategie is om 'n passing tussen organisasiebehoeftes en omgewingseise te bewerkstellig (Smir-

cich & Stubbart, 1985). Strategiese beplanning kan onderverdeel word in verskeie strategiese beplanningsaktiwiteite (Wheelen & Hunger, 1984) wat insluit kort-, medium- en langtermynndoelwitte (Klein & Ritti, 1984) en 'n organisasiestructuur wat kommunikasieprosesse en die benutting van vaardighede beïnvloed (Duncan, 1979). Duidelike, realistiese doelwitte is dus bevorderlik vir effektiwiteit, maar dit vereis dat die organisasie behoorlik gestruktureer word (Bennis, Benne & Chin, 1966) sodat besluitnemingsprosesse optimaal funksioneer en kommunikasiekanaale vry van distorsie is (Beckhard, 1969). Burns en Stalker (1971) sluit hierby aan deur voor te stel dat daar, in stede van 'n "meganistiese" struktuur, na 'n "organiese" struktuur gestrewe word. Dit impliseer dat individuele rolle omskryf moet word om die integrasie van individuele en organisasiedoelwitte en uiteindelik, die optimale benutting van menslike en tegnologiese hulpbronne, te bevorder. 'n Passing tussen organisasiedoelwitte, -strukture en toekomsstrategie, bevorder dus organisasie-effektiwiteit. Ingrypingstegnieke byvoorbeeld "oopsisteem beplanning" om die gehalte van strategiese beplanning te bevorder (Bennis, Benne & Chin, 1966) het geen bekendstelling nodig nie, maar daar bestaan nogtans struikelblokke wat die integrasie van organisasievernuwing en strategiese beplanning bemoeilik (Buller, 1988). Deskundiges in strategiese beplanning skep verskeie formele strukture (vlg. Wheelen & Hunger, 1984 en Schendel & Hofer, 1979) om relevante veranderlikes te integreer, terwyl vernuwingspraktisyens die organisasie wil help om van een balanstoestand na 'n hoër vlak van optimale funksionering te "beweeg". Die waardeverskille tussen organisasievernuwingspraktisyens en strategiese beplanners lê moontlik ten grondslag van die gebrekkige integrasie van hulle rolle.

### Tegnologiese ontwikkeling

Tegnologie bestaan uit die werkprosesse, take (French & Bell, 1984) en die toerusting en kennis wat vereis word om daardie take te verrig (Klein & Ritti, 1984). Tegnologiese ingryping het egter eers momentum gekry met Friedlander & Brown (1974) se voorstelling van die "tegnostrukturele" en "menslike-prosesbenaderings". In teenstelling met die laasgenoemde benadering, toon hulle aan dat sosiotechniese ingrepe, posvervanging en posontwerp, werksprestasie positief beïnvloed. Tegnologiese verandering skep egter weerstand en onsekerheid. Patrickson (1986) het gevind dat dit by rekenaarimplementering toegeskryf kan word aan gebrekkige deelname aan die veranderingsproses, vaardighede wat oorbodig raak en 'n verlies van beheer oor die werk self. Die hedendaagse praktisyen word dus gekonfronteer met komplekse intra- en interpersoonlike prosesse wat die werker se aanpassing in die werksituasie raak. Dit wil voorkom of tegnologiese verandering in samewerking met diegene wat daardeur geraak word, geïmplementeer moet word. Hiermee gepaardgaande is 'n bewusmakingsproses rakende die impak van die verandering en inligtingverskaffing oor die modus operandi wat gevolg gaan word, uiterlig belangrik. Dit is vir die vernuwingspraktisyen 'n besondere uitdaging om sy rol te integreer met dié van implementeerders van nuwe tegnologie wat dikwels met konflikterende waardes rakende die mens en tegnologie, organisasieverandering aanpak.

### Die ontwikkeling van organisieprosesse

Die interaksie tussen verskeie organisasiesubsisteme kom tot uiting in komplekse prosesse wat insluit bestuur- en werkneumeraktiwiteite, houdings en tussenpersoonlike interaksieprosesse (Margulies & Raia, 1978). 'n Organisasieklimaat wat beskryf kan word as "koud", "ontspanne", "konserwatief", en sovoorts ontstaan as gevolg van interaksieprosesse (Porter, Lawler & Hackman, 1981) en vorm 'n kultuur van gedeelde waardes, norme en aannames (Westrum & Samaha, 1984). 'n Gesonde klimaat en kultuur skep 'n gevoel van eienaarskap

oor organisasiedoelwitte wat kreatiwiteit, vindingrykheid, motivering en selfaktualisering bevorder (Burke & Schmidt, 1971). Sommige skrywers definieer organisasieklimaat en -kultuur verskillend, terwyl ander dit as sinonieme begrippe beskou. Gerugsteun deur 'n integrasie van die bogenoemde literatuur, word organisasieklimaat en -kultuur hier konseptueel onderskei, maar dit word terselfdertyd beskou as verweef in 'n enkele konstruk. Die organisasiekultuur bestaan uit inherente, diepgewortelde waardes en aannames wat deur 'n evolusieproses ontwikkel, waartydens 'n charismatiese leier of élite, 'n bepaalde groep na perseptuele verandering lei (Gagliardi, 1986). Organisasievernuwing het ook ten doel om die kultuur te verander, maar Dyer en Dyer (1986) bevraagteken die geldigheid van die tradisionele veranderingsmodel (inligtingversameling, aksieplanning en -implementering) vir kulturele verandering. Daar word vervolgens aandag gegee aan die ingrypingsproses met besondere aandag aan die tradisionele teenoor die meer moderne benaderings tot kulturele verandering.

### **Ingryping in die organisasie**

Tradisionele ingrypingsmodelle het weinig verander. Daar word steeds gesteun op 'n opvoedkundige proses waarin die organisasielede bewus gemaak word van leemtes en gehelp word om 'n alternatiewe sosiale realiteit te vind. Probleemidentifisering, inligtingversameling, aksieplanning, aksie-implementering en evaluering is dan die tipiese modus operandi wat gevvolg word. Dyer en Dyer (1986) is van mening dat hierdie model dikwels die formele sisteem verander sonder dat dit enige impak op die organisasiekultuur het. Alhoewel formele veranderlikes verander word, vind 'n verskuiwing van onderliggende individuele waardes en aannames, nie eintlik plaas nie. Die Wilsongdisc (1988) databasis van Business Periodical Index het aangetoon dat sedert 1982, slegs Dyer en Dyer (1986) en Gagliardi (1986) strategieë vir kulturele verandering voorstel. Aangesien hierdie studie nie ruimte laat vir 'n volledige bespreking nie, word hierdie kulturele verandering-strategieë slegs in brefe trekke bespreek.

Gagliardi (1986) identifiseer die volgende strategieë vir kulturele verandering:

- Oënskylike kulturele verandering, wat gekenmerk word deur vinnige besluite oor effektiwer metodes om die organisasie se aanpasbaarheid by omgewingseise te bevorder. Die alternatiewe aksies is op nuwe waardes en oortuigings gebaseer, maar dit word ten sterkste ondersteun deur tradisionele waardes wat die behoud van die organisasie se identiteit verseker.
- Kulturele rewolusie, wat ontstaan wanneer die nuwe waardes in kontras tot die tradisionele waardes staan. Botsende ideologieë skep dan konflik met nadelige newe-effekte. Die tradisionele organisasie word as ' ware deur die totstandkoming van nuwe waardes en gebruikte, "vernietig".
- Inkrementele kulturele verandering, waartydens tradisionele waardes en oortuigings nie onteien word nie, maar nuwe waardes word bygevoeg. Hierdie waardes word egter nie parallel met die tradisionele waardes beskou nie, maar alle waardes word as ' ware in 'n hiërgiese volgorde gesratifiseer. 'n Tydsame proses waarin tradisionele waardes uitgefaseer word, volg hierna.

Binne hierdie brefe raamwerk, omskryf Gagliardi ook die leier se rol waaraan Dyer en Dyer (1986) meer struktuur verleen. Volgens hierdie skrywers is die aanstelling van leiers in die onderneming, die beginpunt van kulturele verandering. Die ver-

vanging van waardes skep aanvanklike konflik maar namate sukses behaal word, word daardie waardes aanvaar en dieper in die organisasie gevestig.

'n Waardevolle bydrae word gelewer in die skepping van 'n filosofie en rigtingwysers vir kulturele verandering maar dit wil nogtans voorkom of daar 'n behoefte bestaan aan verdere navorsing ter operasionalisering van hierdie gedagtegang.

### **SLOT**

Die doel van hierdie artikel is om die konstrukte wat by organisasievernuwing bestudeer word te integreer ten einde 'n rigtingwyser vir 'n meer gedissiplineerde benadering tot die spesialiteitsrigting te skep. Na 'n inhoudsanalyse van 'n aantal organisasievernuwingsdefinisies is "mens", "strategie", "tegnologie", "prosesse" en "ingryping" as die belangrikste boustene van organisasievernuwing geïdentifiseer. In die lig van hierdie bevindings word 'n definisie van organisasievernuwing voorgestel waarin hierdie konstrukte geïntegreer word ten einde die rigting vir gedissiplineerdheid in die ontwikkeling van die spesialiteitsrigting te skep.

### **VERWYSINGS**

- Argyris, C. (1971). *Management and organization development: The path from XA to YB*. New York: McGraw-Hill.
- Beckhard, R. (1969). *Organizational development: its nature, origins and prospects*. Reading, Mass.: Addison-Wesley.
- Beer, M., & Walton, A.E. (1987). Organization Development. In Rosenzweig, M.R., & Porter, L.W. (Eds.), *Annual Review of Psychology*. Palo Alto: Annual Reviews.
- Bennis, W.G. (1969). *Organization development: Its nature, origins and prospects*. Reading, Mass: Addison-Wesley.
- Bennis, W.G., Benne, K.D., & Chin, R. (1966). *The planning of change*, 2nd ed., New York: Holt.
- Buller, P.F. (1988). For successful strategic change: Blend OD practices with strategic management. *Organizational Dynamics*, 16, 42-55.
- Burke, W.W., & Hornstein, H.A. (1972). *The social technology of organization development*. Fairfax: Learning Resources.
- Burke, W.W., & Schmidt, W.H. (1971). Management and organization development: What is the target of change? *Personnel Administration*, 34(2), 44-56.
- Burns, T., & Stalker, G.M. (1971). Mechanistic and organic systems. In W.W. French, & E. Hellriegel, (Eds.), *Personnel management: fields in transition*. Boston: Houghton Mifflin.
- Coetze, L.D., Coster, E.A., & van Niekerk, A.M. (1978) *Die gebruik en doeltreffendheid van organisasieontwikkeling-tegnieke in 13 groot Suid-Afrikaanse organisasies*. Pretoria: Unisa.
- De Beer, D.W., & Boshoff, A.W. *Organisasie-Ontwikkeling*. (1970). Pretoria: Referaat gelewer by SIRSA-kongres.
- Duncan, R. (1979). What is the right organization structure? *Organizational dynamics*, 7(3), 59-80.
- Dyer, W.G., & Dyer, W.G. (1986). Organization Development: system change or culture change. *Personnel*, 63, 14-22.
- French, W.L., & Bell, C.H. (1984). *Behavioral science interventions for organization improvement*. New York: Prentice-Hall.
- Friedlander, F., & Brown, L.D. (1974). Organization development. In M.R. Rosenzweig, & L.W. Porter, (Eds.). *Annual Review of Psychology*. 25.
- Gagliardi, P. (1986). The creation of change of organizational cultures: a conceptual framework. *Organization Studies*, 7(2), 117-134.

- Heisler, W.J. (1982). Patterns of OD in practice. In D. Robey, en S. Altman, (Eds), *Organization development: progress and perspectives*. New York: McMillan.
- Huse, E.F. (1980). *Organization development and change*. St. Paul: West.
- Kahn, R.L. (1974). Organizational development: some problems and proposals. *The Journal of Applied Behavioral Science* 10(4), 485-502.
- Kerlinger, F.N. (1986). *Foundations of behavioral research*. (3rd ed). CBS: Japan.
- Klein, S.M., & Ritti, R.I. (1984). *Understanding organizational behavior*. (2nd ed.), Boston, Mass.: Kent.
- Lawler, E.E., Nadler, D.A., & Cammann, C. (1980). *Organizational assessment: perspectives on the measurement of organizational behavior and the quality of work life*. New York: John Wiley.
- Liebowitz, S.J., & De Meuse, K.P. (1982). the applicant of team building. *Human relations*, 35(1), 1-18.
- Lippitt, G.L. (1982). *Organization Renewal: A holistic approach to organization development*. (2nd ed.), New Jersey: Prentice-Hall.
- Lievegoed, B.C.J. (1973). *The developing organization*. London: Tavistock.
- Margulies, N., & Raia, A.P. (1972). Action research and the consultative process. In N. Margulies, en a.P. Raia, (Eds.), *Organizational development: values process and technology*. New York: McGraw-Hill.
- Margulies, N., & Raia, A.P. (1978). *Conceptual foundations of organization development*. New York: McGraw-Hill.
- McLean, B. (1981). Organization development: a case of the emperor's new clothes? *Personnel Review*. 10(1), 3-14.
- Nadler, D.A., & Tushman, M.L. (1980). A model for diagnosing organizational behavior. *Organizational Dynamics*, 9(2), 35-51.
- Patrickson, M. (1986). Adaptation by employees to new technology. *Journal of Occupational Psychology*. 59, 1-11.
- Patton, M.Q. (1980). *Qualitative evaluation methods*. Beverly Hills: Sage.
- Porter, L.W., Lawler, E.E., & Hackman, J.R. (1981). *Behavior in organizations*. Auckland: McGraw-Hill.
- Robey, D., & Altman, S. (1982). *Organization development: progress and perspectives*. New York: McMillan.
- Sashkin, M., & Burke, W.W. (1978). Organization Development in the 1980's. *Journal of Management*. 13(2), 393-417.
- Schmuck, R.A., & Miles, M.B. (1971). *Organization development in schools*. Palo Alto: National.
- Schendel, D.E., & Hofer, C.W. (1979). *Strategic management*. Boston: Little Brown.
- Smircich, L., & Stubbart, L. (1985). Strategic management in an enacted world. *Academy of Management Review*. 10(4), 724-736.
- Smith, R.L. (1984). OD can be a discipline? *Training and Development Journal*. 38; 102-104.
- Tannenbaum, R., & Davis, S. (1972). Values, man and organizations. In N. Margulies, & A.P. Raia, (Eds.), *Organizational development: values, process and technology*. New York: McGraw-Hill.
- Tichy, N.M. (1982). Managing change strategically: the technical, political, and cultural keys. *Organizational Dynamics*, 11(2), 59-80.
- Tregoe, B.B. (1982). What is OD? A survey of line managers and professional trainers. In D. Robey,, & S. Altman, (Eds.), *Organization development: progress and perspectives*. New York: McMillan.
- Wheelen, T.L., & Hunger, J.D. (1984). *Strategic management*. Reading, Mass.: Addison-Wesley.
- Westrum, R., & Samaha, K. (1984). *Complex organizations: growth, struggle and change*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- White, S.E., & Mitchell, T.R. (1976). Organization development: a review of research content and research design. *Academy of Management Review*. 1(2), 57-71.
- Wilsondisc (1988). *Business periodical index*. New York: Wilson Co.